Want watter groot nasie is daar?

SABBATMIDDAG

Skrifverwysings vir hierdie week se studie:
Deuteronómium 4:1–9, Matthéüs 15:1–9, Númeri 25:1–15, I Korinthiërs 10:13, Deuteronómium 4:32–35, Matthéüs 5:13–16.

Geheueteks: " 'En watter groot nasie is daar wat sulke regverdige insettinge en verordeninge het soos hierdie hele wet wat ek julle vandag voorhou?' " *(Deuteronómium 4:8)***.**

Die eerste drie hoofstukke van Deuteronómium is eintlik 'n geskiedenisles wat die volk aan hulle ondervinding tot op daardie punt, herinner het. In die vierde hoofstuk verander die geskiedenisles meer na 'n preek. Die oorvertelling van gebeurtenisse was nie net bedoel vir die geskiedenisliefhebbers nie; dit het 'n doel gedien om aan hulle die mag en genade van God se handelinge met die volk te toon, en, alhoewel hulle 'n gemors daarvan gemaak het, die Here nog sy verbond met hulle wou eerbiedig.

Hoofstuk vier begin met die Hebreeuse woord ('n voegwoord en 'n bywoord), *we'attah*, wat as "En nou" of "So nou" vertaal kan word. Hulle het so pas hulle onlangse geskiedenis hersien, 'n herinnering oor wat God gedoen het om hulle tot hierdie punt te bring — dus, of "so nou", moet hulle in antwoord daarop, doen wat God vir hulle sê om te doen *(lees ook Deuteronómium 10:12)*.

Dit is hoekom die eerste werkwoord wat na die "So nou" verskyn, *shama*' is, dieselfde werkwoord (en in dieselfde vorm) wat in die begin van die *Shema*-gebed gebruik word, en wat "hoor" of "luister" of "gehoorsaam" beteken — 'n werkwoord wat regdeur Deuteronómium herhaal word.

Daarom begin die hoofstuk: "Luister dan nou, Israel," na wat *Ek vir julle gedoen het, en gehoorsaam soos volg...*

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 6 November.*

Moenie byvoeg of weglaat nie

Lees **Deuteronómium 4:1, 2. Wat was die spesifieke waarskuwing wat die Here aan hulle gegee het met betrekking tot sy "insettinge en verordeninge," en hoekom sou hierdie iets wees waarteen hulle reg aan die begin gewaarsku moes word?** *(Lees ook Deuteronómium 12:32.)*

_____

_____

Die Here sê aan hulle om die "insettinge en verordeninge" te gehoorsaam en om niks daarby te voeg of weg te laat nie. Hoekom was dit gesê? Waarom, per slot van rekening, sou enigiemand God se wet wou verander?

Ons ken natuurlik die antwoord.

"Satan werk volhardend en onvermoeid om die werk wat hy in hemel begin het, uit te voer, om die wet van God te verander. Hy het daarin geslaag om die wêreld die teorie wat hy in die hemel voor die sondeval aangebied het, naamlik dat die wet van God foutief is en hersien moet word, te laat glo. 'n Groot gedeelte van die erkende Christendom toon òf deur hulle houding, óf deur hulle woorde, dat hulle dieselfde dwaling aanvaar het." — Ellen G. White, *Selected Messages*, Boek 2, bl. 107, (vry vertaal).

Wanneer jy aan die geskiedenis van antieke Israel dink, sien jy dat hulle baiekeer in die moeilikheid beland het omdat hulle nie net sommige voorskrifte van die wet geïgnoreer het nie, maar dat hulle praktyke wat nie deur die wet gespesifiseer was nie, bygevoeg het, en wat hulle natuurlik toe van die wet laat afdwaal het, en inderdaad die wet laat oortree het.

Lees **Matthéüs 15:1–9. Alhoewel dit in 'n ander konteks is, hoe sien ons hier 'n voorbeeld van die beginsel waarteen Moses die kinders van Israel gewaarsku het?**

_____

_____

Toe die Hebreërs uiteindelik die land ontvang het wat aan hulle beloof was, het hulle dikwels die regstreekse waarskuwing oor byvoorbeeld afgodediens, ontvang. Die gevolg was dat hulle baie heidense gewoontes en tradisies beoefen het, soms selfs as deel van hulle veronderstelde aanbidding van Yahweh. Teen die tyd toe Jesus gebore was, het hulle selfs allerhande soorte menslike tradisies ook bygevoeg, en soos Jesus self gesê het, hulle toe "die gebod van God kragteloos gemaak" het.

In albei gevalle, weggelaat of bygevoeg, die volk het die wet verander, en hulle sou die gevolge moes dra.

Op watter maniere moet ons versigtig wees om nie by te voeg of weg te laat van wat God aan ons sê om te doen nie?

Baäl-Peor

In Deuteronómium 4:3, 4 word daar nog 'n bietjie geskiedenis aan die kinders van Israel oorvertel, 'n herinnering aan 'n insident in die verlede, met die doel om hulle weereens daardeur te onderrig en ook praktiese waarhede aan hulle tuis te bring.

Lees **Númeri 25:1–15. Wat het hier gebeur en watter geestelike en praktiese waarhede moes die volk uit hierdie fiasko geleer het?**

_____

_____

As ons ongemaklik voel oor die verhale van hoe Israel sommige van die nasies rondom hulle uitgewis het, help hierdie oorvertelling ons ongetwyfeld om die logika agter hierdie bevel te begryp. Israel moes vir die ware God 'n getuienis teenoor die heidense nasies rondom hulle gewees het. Hulle moes 'n voorbeeld gestel het om te wys hoe die ware God aanbid moes word. In plaas daarvan, het hulle deur die heidense "gode" rondom hulle aan te kleef, dikwels openlik teen dieselfde God wat hulle in die wêreld moes verteenwoordig, gerebelleer.

Alhoewel die frase "om owerspel te pleeg" dikwels na 'n geestelike betekenis verwys omdat Israel heidense gode en praktyke aangehang het *(lees Hoséa 4:12–14)*, gee die taal in hierdie geval (en die res van die verhaal) te kenne dat daar ook seksuele sondes plaasgevind het. Hier het Satan weer van die gevalle natuur van die mens gebruik gemaak deur die heidense vroue te gebruik om die mans te verlei, en wat op hulle beurt blykbaar toegelaat het om hulleself te laat verlei.

Daar is geen twyfel dat die praktyk van fisiese hoerery ook in geestelike hoerery ontaard het nie. Die mense wat daarin betrokke geraak het, het ook in die heidense aanbiddingsgewoontes betrokke geraak, wat tot gevolg gehad het dat Israel hom "aan Baäl-Peor" oorgegee het. Dit wil sê, hulle het op een of ander manier verkleef aan hierdie valse god geraak, en selfs offers aan hom gebring. Ten spyte van alles wat hulle geleer het en aan hulle vertel was, het hulle in hul hartstog en wellus gewilliglik daarmee weggedoen.

Hoe kon dit gebeur het? Maklik. Deurdat hulle hul gewetens verhard het met die eerste sonde, die fisiese een, het dit hulle ontvanklik gemaak om aan die tweede een toe te gee, die geestelike een, wat natuurlik Satan se uiteindelike doel was. Hulle gewoontes het so verlaag, dat, volgens die Skrif, een van die mans, 'n Midianitiese vrou in die teenwoordigheid van Moses en die volk wat besig was om buite die tabernakel te huil, in die laer ingebring het.

Ons verstande en ons liggame is baie nou verbind. Die een beïnvloed die ander. Wat kan ons uit hierdie verhaal leer oor hoe gevaarlik dit vir ons geestelik is wanneer ons gedurig toegewings maak?

_____

_____

Om die Here jou God aan te hang

Duisende het as gevolg van hulle sonde met Baäl-Peor gesterf. "Want al die manne wat agter Baäl-Peor aan geloop het" was uitgedelg. Daar was egter baie wat nie in afgodediens verval het nie.

Wie was hulle?

"Julle daarenteen wat die Here julle God aangehang het, is vandag nog almal in die lewe" *(Deuteronómium 4:4)*.

Hoe verduidelik hierdie teksvers die verskil tussen diegene wat in sonde geval het en hulle wat nie gesondig het nie? Watter belangrike boodskap is daar vir ons hier met betrekking tot sonde en versoeking, en die krag van God in ons lewens?

_____

_____

Let op na die kontras tussen die woord "almal" in hierdie vers en die woord "al die manne" in die vorige vers. "Al die manne" wat agter Baäl-Peor aangeloop het, is uitgedelg; maar "almal" wat God aangehang het, lewe nog. Daar was geen middelweg nie, en daar is ook nie nou nie. Ons is óf vir, óf teen Jesus *(Matthéüs 12:30)*.

Die Hebreeuse woord vir "aanhang," *dbq*, verwys dikwels na 'n groot toewyding aan iets buite jouself. Dieselfde oorspronklike Hebreeuse woord word in Génesis 2:24 gebruik, waar dit sê dat 'n man sy pa en ma sal verlaat en sy vrou "aankleef" *(lees ook Rut 1:14)*. Hierdie gedagte, in hierdie konteks, verskyn nog vier keer in Deuteronómium *(Deuteronómium 10:20; 11:22; 13:4 en 30:20)*, en in elk van hierdie gevalle is die gedagte dieselfde: hulle, die volk, moes hulle God aanhang. Dit wil sê, hulle moes hulleself aan Hom gegee het en dan mag en krag van Hom ontvang het.

Wat belangrik is, is om te onthou dat die volk self die onderwerp van die werkwoord is: húlle moes die "aanhang" deel gedoen het. Hulle moes die keuse gemaak het om God "aan te hang", en dan deur Sy mag en krag voorkom het dat hulle in sonde verval het.

Lees Judas 24 en I Korinthiërs 10:13. Wat word hier in die Nuwe Testament gesê wat ook in Deuteronómium 13:4 gevind word?

_____

_____

God is getrou; God is in staat om ons te help om nie te sondig nie. Maar ons moet die keuse maak, net soos die getroue volgelinge by Baäl-Peor gemaak het om God aan te hang.Indien ons dit doen, dan kan ons gerus wees dat wanneer ons versoek word, ons getrou sal kan bly.

Hoe help dinge soos gebed, Bybelstudie, aanbidding en samesyn ons om die Here aan te hang?

Want watter groot nasie is daar?

Na Deuteronómium 4:4 volg daar 'n paar verse wat as die diepsinnigste en pragtigste teksverse in die hele Skrif gesien kan word (die Hebreeus is pragtig!). Daar kan geredeneer word dat die kern van die boodskap van Deuteronómium hier gevind kan word, en die res uit kommentaar hierop bestaan. Terwyl jy hierdie verse lees, dink aan verskeie maniere hoe hierdie beginsel op ons vandag van toepassing is.

Lees **Deuternonómium 4:5–9. Waarom wou die Here hier deur Moses aan hulle gesê het wat Hy vir Israel gedoen het?**

_____

_____

Die Here wou hê dat die volk moes besef het dat hulle vir 'n spesiale doel gekies was. Hulle is 'n "groot" nasie, net soos God aan Abram gesê het toe Hy hom die eerste keer uit die Chaldeërs geroep het, " 'En Ek sal jou 'n groot nasie maak' " *(Génesis 12:2; lees ook Génesis 18:18)*.

Maar die doel daarvan om hulle groot te maak was dat hulle tot "seën" *(Génesis 12:2)* vir "al die geslagte van die aarde" kon wees *(Génesis 12:3)*. En hoewel die grootste seën sou wees dat Jesus, die Messias, uit hulle afstammingslyn sou kom, moes hulle in die tussentyd die lig van die wêreld gewees het. " ' "Ek het U gemaak tot 'n lig van die nasies, om my heil te wees tot aan die einde van die aarde" ' " *(Jesaja 49:6)*. Verlossing was nie in hulle gevind nie, maar God moes deur hulle as die alleenredder, geopenbaar word.

Israel het die God wat die heelal geskep het, die Here van hemel en aarde, aanbid en gedien; die heidene het rotse, klippe, hout en duiwels aanbid *(Deuteronómium 32:17, Psalm 106:37)*.

Wat 'n groot verskil!

In hierdie verse het Moses na twee dinge verwys wat Israel besonders gemaak het. Eerstens, die Here was op 'n unieke manier deur middel van die heiligdom by hulle, en tweedens, deur "sulke regverdige insettinge en verordeninge ... soos hierdie hele wet."

Lees **Deuteronómium 4:32–35. Wat anders het die Here aan hulle gesê wat hulle moes laat besef het watter spesiale roeping hulle ontvang het?**

_____

_____

Daar is geen twyfel dat Israel so baie ontvang het nie. Hoe sou hulle daarop reageer?

Julle wysheid en julle verstand

Soos ons gesien het, was Deuteronómium 4:1–9 nie net ’n kragtige betuiging van die nasie se spesiale status nie, maar ook van sy sendingroeping. Die gedagte wat deur al daardie verse deurskemer, is dat hulle gehoorsaam moet wees, dat hulle moet volg en doen wat die Here hulle beveel het om te doen.

Lees weer Deuteronómium 4:6. Waarna verwys die Here hier spesifiek wat hulle “wysheid” en “verstand” aan die nasies rondom hulle toon?

_____

_____

Op die eerste gesig lyk dit asof dit die insettinge en verordeninge is wat die wysheid en verstand tot gevolg gehad het. Maar dit is nie wat die teksvers sê nie. Ja, die Here het hulle die insettinge en verordeninge geleer; maar hulle wysheid en verstand was as gevolg van die feit dat hulle dit *onderhou en gehoorsaam het*. Hulle gehoorsaamheid het aan hulle wysheid en verstand gegee.

Israel mag dalk die wonderlikste sisteem van wette en reëls en regulasies wat die wêreld nog gesien het, gehad het (die feit is, hulle het), maar wat sou dit gehelp het as hulle dit nie onderhou het nie? In plaas daarvan het hulle eie toevallige of onmiddellike begrip van die openbaring van God se wette in hulle lewens, hulle wysheid en verstand beïnvloed. Hulle moes die waarhede wat die Here aan hulle gegee het, uitgeleef het, en dit kon net deur gehoorsaamheid gedoen gewees het. Die lig en die waarhede wat hulle ontvang het, sou niks goeds vir hulle en die heidene rondom hulle beteken het as hulle dit nie uitgeleef het nie. Daarom was hulle oor en oor geroep om gehoorsaam te wees, want dis hulle gehoorsaamheid aan die insettinge en verordeninge, en nie net die insettinge en verordeninge nie, wat saak gemaak het, sodat hulle ’n getuienis vir die wêreld rondom hulle kon wees.

“Omdat hulle die wet van God gehoorsaam, sou hulle ’n voorspoed geniet waaroor die nasies van die wêreld hulle sou verbaas. Hy wat hulle wysheid en vernuf in allerhande vaardige werk kon gee, sou nog hulle leermeester wees, en Hy sou hulle veredel en hulle verhoog deur gehoorsaamheid aan Sy wette. As hulle gehoorsaam was, sou hulle beskerm word teen die siektes wat ander nasies geteister het, en hulle sou met verstandsvermoë geseën wees. Die heerlikheid van God, Sy majesteit en krag, moes in al hulle voorspoed blyk. Hulle moes ’n koninkryk van priesters en prinse gewees het. God het hulle elke geleentheid gegee om die roemrykste nasie op die aarde te word.” — Ellen G. White, *Die Gelykenisse van Christus*, bl. 288.

Matthéüs 5:13–16. Wat sê Jesus aan ons in hierdie verse wat dieselfde boodskap wat Hy aan antieke Israel gegee het, weerspieël? Hoe moet dit veral op ons as Sewendedag-Adventiste van toepassing wees?

Vir verdere studie: "Vandat die groot stryd in die hemel begin het, was dit Satan se doel om die wet van God tot niet te maak. Dit was met hierdie doel voor oë dat hy teen die Skepper gerebelleer het; en hoewel hy uit die hemel gewerp is, het hy sy stryd op die aarde voortgesit om mense te bedrieg en hulle sodoende te lei om Gods wet te oortree – dit is die doel wat hy steeds nastreef. Of hy sy doel bereik om die hele wet te verwerp, of net een van die gebooie, die gevolge sal uiteindelik dieselfde wees. Hy wat een gebod oortree, openbaar sy minagting vir die hele wet; sy voorbeeld en invloed is aan die kant van oortreding en hy 'het aan almal (die gebooie) skuldig geword.' (Jakobus 2:10)." — Ellen G. White, *Die Groot Stryd,* bl. 582.

Ellen White het die volgende met betrekking tot Baäl-Peor geskryf: "Hulle het dit op die verbode grond gewaag en is in die strikke van die Satan gevang. Hulle is deur die musiek en dansery bekoor, en die skoonheid van die heidense maagde het hulle betower sodat hulle hulle getrouheid aan Jehova verwerp het. Namate hulle aan die vrolikheid en feesviering deelgeneem het, het die wyn hulle sinne benewel totdat hulle alle selfbeheersing verloor het. Die hartstogte het botgevier; en nadat hulle hulle gewete deur ontugtigheid verkrag het, is hulle oorreed om voor afgode neer te buig. Hulle het op die heidense altare geoffer en aan die gruwelikste rites deelgeneem." — Ellen G. White, *Patriarge en Profete*, bl. 454.

Vrae vir bespreking:

❶ Dink daaraan hoe ons as Sewendedag-Adventiste dieselfde doen en optree soos wat antieke Israel gedoen het. Dink aan alles wat ons gegee was in teenstelling met die wêreld rondom ons, en, ja, selfs in teenstelling met die ander kerke in die wêreld. Die vraag is dan: Hoe moet ons op wat aan ons gegee is, reageer? Hoe goed beskerm ons ons "wysheid en verstand" in die oë van die wêreld?

❷ "Julle daarenteen wat die Here julle God aangehang het, is vandag nog almal in die lewe." Weereens is die volk die onderwerp van die werkwoord "aangehang". Die Here sal ons nie vashou in die sin van dat Hy ons sal dwing om Hom aan te hang nie. In plaas daarvan, deur die heilige gawe van vrye keuse te gebruik, moet ons kies om Hom aan te hang. As ons kies om dit te doen, hoe kan ons aanhou om Hom aan te hang?

❸ Dink nog meer na oor die vraag wat aan die einde van Sondag se studie gevra was. Wat beteken dit om by God se wette by te voeg of weg te neem? Behalwe die vanselfsprekende aanslag op die Sabbat, hoe kan soiets so subtiel gebeur dat ons nie eers besef dat dit besig is om te gebeur nie?